

**14.3 RAPPORT DEPUTATE EVALUERING DIREKTE BYBELVERTALING (Artt 106, 180)**

**14.3 REPORT DEPUTIES EVALUATION DIRECT BIBLE TRANSLATION (Arts 106, 180)**

- A. Dr J Lion-Cachet stel die Rapport.  
Dr J Lion-Cachet tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.  
The Report is concluded while the Synod is in session.

**C. RAPPORT / REPORT**

<p><b>1. Opdrag</b> Acta 2018:270, 3.1, 3.2</p> <p>1.1 Die opdrag aan die Deputate word gekontinueer:</p> <p>1.1.1 Die Deputate evalueer die vertaling en maak 'n aanbeveling sodat daar tydens die Algemene Sinode 2023 (of so gou moontlik na afhandeling van die projek) 'n weloorwoë besluit geneem kan word oor die amptelike gebruik daarvan.</p> <p>1.1.2 Hierdie Deputate gaan onder andere die getrouheid aan die vertalingsopdrag na asook die spesifieke sake wat die GKSA graag in so 'n vertaling wil sien (bv. Godsdname).</p> <p>1.1.3 Die Deputate moet let op die uitvoer van die vertalingsriglyn t.o.v. die Godsdname JHWH en Adonai in die Ou Testament (Acta 2003:114, 5.3.5 en 6.1.3.4), met inagneming van die bestaande riglyne vir vertalers.</p> <p>1.2 Die Deputate volg die saak rondom die inleidings tot die Bybelboeke met die Bybelgenootskap op.</p> <p><b>Besluit: Punte 1.1 tot 1.2 kennis geneem.</b></p> <p><b>2. Sake waarvan die Sinode kennis neem</b></p> <p>2.1 <i>Inleidings:</i> Die kommentaar wat ontvang is, is aan die Bybelgenootskap se Taakspan deurgestuur. Die Deputate kon eers op 'n baie laat stadium insae kry in die finale bewoording van die inleidings. Die finale bewoording het in sommige gevalle baie verskil van vorige weergawes van die inleidings. Ten tye van die ontvangs van die inleidings was dit reeds te laat om veranderinge aan te bring voor publisering van die Afrikaanse Bybel 2020-vertaling (vergelyk brief van Prof Bernard</p>	<p><b>1. Mandate</b> Acta 2018:270, 3.1, 3.2</p> <p>1.1 The mandate to the Deputies is to stand:</p> <p>1.1.1 The Deputies must evaluate the translation and make a recommendation to enable the General Synod 2023 (or as soon after the completion of the project)</p> <p>1.1.2 These Deputies are to <i>inter alia</i> review the faithfulness of the translation instruction (letter) as well as the specific aspects the GKSA would like to see in such a translation (e.g. names of God).</p> <p>1.1.3 The Deputies must see to the compliance with the translation guideline, in terms of the names of God JHWH and Adonai in the Old Testament (Acta 2003:114, 5.3.5 and 6.1.3.4), taking into account existing guidelines for translators.</p> <p>1.2 The Deputies are to follow up on the introductions to Bible books with the Bible Society.</p> <p><b>Decision: Points 1.1 to 1.2 noted.</b></p> <p><b>2. Matters that the Synod takes note of</b></p> <p>2.1 <i>Introductions:</i> The comments received were forwarded to the Bible Society Task Team. The Deputies could only gain insight into the final wording of the introductions at a very late stage. The final wording in some cases differed greatly from previous versions of the introductions. At the time of receipt of the introductions, it was already too late to make changes before publishing the Afrikaans Bible 2020 translation (compare attached letter from Prof Bernard Combrink). However, the Deputies did go</p>
--	---

<p>Combrink aangeheg). Die Deputate het wel die finale bewoordings deurgegaan en kommentaar daarop saamgestel. Die Deputate het ook die Bybelgenootskap versoek of daar 'n Bybelvertaling beskikbaar gestel kan word sonder dat dit die Inleidings bevat. Sodanige vertaling kon nie voor die bekendstelling van die Bybel 2020-vertaling gedoen word nie, maar die moontlikheid vir 'n latere uitgawe is wel genoem.</p> <p>2.2 <i>Bybelteks</i>: Die Deputate is van mening dat dit 'n geskikte vertaling vir gebruik in die kerke naas die ander Afrikaanse vertalings is en dat dit beantwoord aan die vereistes wat deur die Sinode 2003 vir die vertaling gestel is. Die Deputate oordeel dat die vertaling geskik is vir voorlesing en gebruik in die eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik. Dit sluit nie uit dat daar in die toekoms geleentheid vir hersiening van die vertaling sal wees nie.</p> <p>2.2.1 <u>Voetnote</u>: Dieselfde geld as oor die Inleidings.</p> <p>2.2.2 <u>Woordelys</u>: Dieselfde geld as oor die Inleidings.</p> <p>2.2.3 <u>Ou-Testamentiese verwysings in die Nuwe Testament</u>: Daar is 'n uitgawe waarin hoofletters gebruik word in die Ou-Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament op Jesus Christus van toepassing gemaak word.</p> <p>2.3 Die Deputate het kennis geneem dat daar twee uitgawes van Die Bybel 2020-vertaling is. Beide die uitgawes (Hoofletter uitgawe en standaard uitgawe) is volgens die vertalingsriglyn t.o.v. die Godsname JHWH en Adonai in die Ou Testament (Acta 2003:114, 5.3.5 en 6.1.3.4), met inagneming van die bestaande riglyne vir vertalers, gedoen.</p> <p><b>Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.</b></p> <p><b>3. Sake waarvoor die Sinode besluit</b></p> <p>3.1 <i>Aanbevelings</i></p> <p>3.1.1 Die Sinode bevind dat die vertaling geskik is vir voorlesing en gebruik in die eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.1.2 Die Sinode spreek hulle dank en gelukwensing aan die BSA uit met die</p>	<p>through the final wording and compiled comments thereon. The Deputies also asked the Bible Society if a Bible translation could be made available that does not contain the Introductions. Such a translation could not be done before the launch of the Bible 2020 translation, but the possibility of a later edition was mentioned.</p> <p>2.2 <i>Bible text</i>: The Deputies are of the opinion that it is a suitable translation for use in the churches in addition to the other Afrikaans translations and that it complies with the requirements set by the 2003 Synod for the translation. The Deputies consider that the translation is suitable for reading and use in worship services, as well as for catechesis, Bible study and personal use. This does not exclude an opportunity for revision in the future.</p> <p>2.2.1 <u>Footnotes</u>: The same applies as for the Introductions.</p> <p>2.2.2 <u>Glossary</u>: The same applies as for the Introductions.</p> <p>2.2.3 <u>Old Testament references in the New Testament</u>: There is an edition in which capital letters are used in the Old Testament texts that are applied to Jesus Christ in the New Testament.</p> <p>2.3 The Deputies have noted that there are two editions of The Bible 2020 Translation. Both the capital letter edition as well as the standard edition was done according to the translation guideline regarding the names of God YHWH and Adonai in the Old Testament (Acta 2003:114, 5.3.5 and 6.1.3.4), taking into account the existing guidelines for translators.</p> <p><b>Decision: Points 2.1 to 2.3 noted.</b></p> <p><b>3. Matters that the Synod decides on</b></p> <p>3.1 <i>Recommendations</i></p> <p>3.1.1 The Synod finds that the translation is suitable for reading and use in worship services, as well as for catechesis, Bible study and personal use.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p> <p>3.1.2 The Synod expresses its gratitude towards and congratulates the BSA on</p>
--	--

<p>publikasie van Die Bybel 2020-vertaling.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.1.3 Die Sinode versoek die Deputate Bybel om die saak en die kommentaar oor die Inleidings van alle Bybelvertalings met die Bybelgenootskap op te neem. Die moontlikheid vir uitgawes van nuwe vertalings sonder die Inleidings moet ook met die Bybelgenootskap bespreek word.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handeling).</b></p> <p>3.1.4 Die Deputate Evaluering Direkte Bybelvertaling word nie weer aangewys nie en hulle werksaamhede is afgehandel.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.2 <i>Finansiële implikasies/begrotings</i></p> <p>3.2.1 Geen verdere finansiële implikasie word voorsien nie.</p> <p><b>Besluit: Kennis geneem.</b></p> <p>3.3 <i>Opdrag</i></p> <p>3.3.1 Kommentaar oor die inleidings van die Bybelboeke word aan die Deputate Bybel deurgegee sodat dit met die Bybelgenootskap opgeneem kan word.</p> <p>3.3.2 Dit word aan die Deputate Bybel opgedra om moontlike korrespondensie rondom toekomstige hersienings van die 2020-vertaling te ontvang en met die BSA op te neem te geleger tyd.</p> <p><b>Besluit: Punte 3.3.1 en 3.3.2 goedgekeur.</b></p>	<p>the publication of The Bible 2020 Translation.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p> <p>3.1.3 The Synod requests the appointed Deputies Bible to take up the matter and the commentary regarding the Introductions of all Bible translations with the Bible Society. The possibility for editions of new translations without the Introductions should also be discussed with the Bible Society.</p> <p><b>Decision: Approved (amendments already made – Deputies Acta).</b></p> <p>3.1.4 The Deputies Evaluation Direct Bible translation are not reappointed, and their responsibilities are completed.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p> <p>3.2 <i>Financial implications/Budgets</i></p> <p>3.2.1 No further financial implication is provided.</p> <p><b>Decision: Noted.</b></p> <p>3.3 <i>Mandates</i></p> <p>3.3.1 Comments on the Introductions are passed on to the Deputies Bible so that they can be forwarded to the Bible Society.</p> <p>3.3.2 The Deputies Bible are designated as the address for inputs regarding possible revisions of the 2020-vertaling and to discuss these inputs with the BSA when the time comes.</p> <p><b>Decision: Points 3.3.1 and 3.3.2 approved.</b></p>
---	--

## **Addendum 1.**

Geagte dr. Jan Lion-Cachet

U versoek van 30 April 2020 is aan die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap vir oorweging oorgedra.

Die Bybelgenootskap wil graag in sy optrede teenoor lidkerke deursigtig wees, veral een wat van die begin af so ten nouste in die projek betrokke was. Daarom deel ek u nou graag mee dat die volgende besluit is:

1. Daar kan tans niks meer verander word aan die teks van die vertaling, soos deur die Begeleidingskomitee afgeteken en aan die Bybelgenootskap oorhandig nie.
2. Die Bybelgenootskap publiseer ook nie 'n afsonderlike uitgawe van die Bybel nie, behalwe by wyse van die normale proses in die geval van afgooibestellings. Dit kan slegs geskied nadat die Bybel bekendgestel is.
3. Alle reaksies en kommentaar wat ontvang word, sal op 'n later tydstip oorweeg word nadat die Bybel gepubliseer is.
4. Die Inleidings tot Bybelboeke as uittreksels uit die Bybel word slegs aan die Deputate beskikbaar gestel vir die spesifieke doel soos deur die Deputate in u e-pos versoek, en is nie vir wyer bekendstelling of verspreiding nie.
5. Die uittreksels sal aan u gestuur word sodra dit gereed is.

Baie seën op die werksaamhede van die Deputate toegebid.

Hartlike groete

**bernard combrink**